Sake24

Maandag 28 Mei 2007

Sycom skuif wins op tot R778,2 miljoen

Gerhard Mulder, Johannesburg

Sycom se resultate sien goed daar uit en is in ooreenstemming met die situasie in die sterk Suid-Afrikaanse eiendomsektor.

Die eiendomsfonds het Vrydag sy resultate vir die boekjaar tot 31 Maart vanjaar bekend gemaak.

Sycom het onder meer belange in die N1-Stad-inkopiesentrum in Kaapstad en die Vaal Mall in Vanderbijlpark.

Die genoteerde fonds besit en bestuur byna 300 000 m² se kleinhandel- en kantooreiendomme landwyd. Hiervan is net meer as 73 000 m² in die afgelope boekjaar verhuur.

Die waarde van sy portefeulje word tans op ongeveer R3,48 miljard geskat, R500 miljoen meer as verlede jaar.

Luidens 'n verklaring is die styging in die waarde van die fonds, " 'n getuigskrif van die onderliggende gehalte van Sycom se bates".

Kernsyfers

- Wins ná belasting: R778,2 miljoen (+29,9%)
- Verdienste per koppeleenheid: 424,43c (+ 29,98%)
- Wesensverdienste per koppeleenheid: 152,5c (+ 17,7%)
- Verdeling per koppeleenheid: 124,62c (+ 6,94%)

Van sy kleinhandeleiendomme staan minder as 1% leeg en net 1,02% van sy kantooreiendomme het nie huurders nie.

Dit het alles bygedra tot groei van meer as 30% aan inkomste – buiten huur – vir die jaar tot byna R450 miljoen.

Deur die loop van die jaar het Sycom ook verander van 'n geslote eiendomstrust na 'n eiendomsfonds.

Alle eiendomme is van die geslote maatskappye na die fonds oorgedra.

Luidens 'n verklaring voorsien Sycom 'n "opwindende tyd van groot beleggings". Daar word ook beplan om van kleiner eiendomme ontslae te raak.

Sycom het sedert Maart sy belang in die Vaal Mall tot byna 78% vergroot.

Hy is besig om verdere eiendomme te ontwikkel. Daar is reeds begin aan die konstruksie van twee kantoorgeboue in Johannesburg.

Die kantoorgeboue behoort teen Februarie 2008 voltooi te wees. Die eerste, met 'n oppervlakte van sowat 6 000 m², is reeds volverhuur.

Deur sulke transaksies wil die bestuur "maksimum waarde en inkomste" ontgin.

Sycom se aandeelprys het Vrydag met 0,45% gedaal om op R21,70 te sluit. Die fonds het 'n markwaarde van sowat R4 miljard.